# OFFICIAL GAZETTE

## EXTRAORDINARY

**of South West Africa.**

**Published by Authority.**

## BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

**van Suidwes-Afrika.**

**Uitgegee op gesag.**

**1/- Tuesday, 7th June, 1932. WINDHOEK Dinsdag, 7 Junie 1932. No. 476**


## CONTENTS.

*Page.*

**Proclamation —**


No. 17. Rehoboth *Gebiet* Affairs Proclamation, 1932 8057


## INHOUD.

*Bladsy*

**Proklamasie —**


No. 17. Rehoboth-*Gebiet* Aangeleenthede Proklamasie 1932 . . . . . . . . . 8057


## Government Notice.

The following Government Notice is published for general information.

H. P. SMIT,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek,

No. 116.] [6th June, 1932.

ORDINANCES, 1932: PROMULGATION OF.

His Honour the Administrator has been pleased to assent, in terms of Section *thirty-two* of the South West Africa Constitution Act, 1925 (Act No. 42 of 1925), to the following Ordinances which are hereby published for general information in terms of Section *thirty-four* of the said Act:—

| No. | Title. | Page. |
|---|---|---|
| 2. | Unauthorised Expenditure (1930—'31) Ordinance, 1932 . . . . . . . . . . . | 8057 |
| 3. | Licences Law Amendment Ordinance, 1932 . . | 8058 |
| 4. | Dairy Industry Control Ordinance Amendment Ordinance, 1932 . . . . . . . . . | 8058 |
| 5. | Co-operation Amendment Ordinance, 1932 . . | 8061 |
| 6. | Additional Appropriation (1931—'32) Ordinance, 1932 . . . . . . . . . . . | 8062 |
| 7. | Public Health Amendment Ordinance, 1932 . . | 8062 |

## Goewermentskennisgewing.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene informasie gepubliseer.

H. P. SMIT,
*Sekretaris vir Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 116.] [6 Junie 1932.

ORDONNANSIES 1932: UITVAARDIGING VAN.

Dit het Sy Edele die Administrateur behaag om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artiekel *twee-en-dertig* van die "Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet 1925" (Wet No. 42 van 1925), aan die volgende Ordonnansies wat hiermee vir algemene informasie gepubliseer word ooreenkomstig artiekel *vier-en-dertig* van gemelde Wet:—

| No. | Tietel. | Bladsy. |
|---|---|---|
| 2. | Ongeoutoriseerde Uitgawes (1930—'31) Ordonnansie 1932 . . . . . . . . . . | 8057 |
| 3. | Lisensiewet-Wysigingsordonnansie 1932 . . . | 8058 |
| 4. | Die Wysigingsordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid 1932 . . . . . | 8058 |
| 5. | Ko-öperasie-Wysigingsordonnansie 1932 . . . | 8061 |
| 6. | Addisionele Middele (1931—'32) Ordonnansie 1932 | 8062 |
| 7. | Wysigingsordonnansie van 1932 betreffende Volksgesondheid . . . . . . . . | 8062 |

Ord. No. 6 of 1932.]

# ORDINANCE

**To apply a sum not exceeding one thousand seven hundred and seventy-four pounds towards the service of the Territory of South West Africa for the year ending on the thirty-first day of March, 1932.**

*(Assented to 4th June, 1932.)*
*(Afrikaans text signed by the Administrator.)*

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. The Administration Account of the Territory of South West Africa is hereby charged with such sums of money as may be required for the service of the Territory (and chargeable to revenue account) during the year ending on the thirty-first day of March, 1932, not exceeding in the whole the sum of one thousand seven hundred and seventy-four pounds, in addition to the sums charged by the Appropriation (1931—'32) Ordinance, 1931 (Ordinance No. 4 of 1931).

2. The money appropriated by this Ordinance shall be applied to the services detailed in the Schedule hereto, and more particularly specified in the Estimates of Additional Expenditure (S.W.A. 2—1932) as approved by the Legislative Assembly, and to no other purpose.

3. This Ordinance may be cited as the Additional Appropriation (1931—'32) Ordinance, 1932.

SCHEDULE.

| No. of Vote. | Title of Vote. | Amount. |
|---|---|---|
| | | £ |
| 7 | Education . . . . | 499 |
| 8 | Works . . . . | 820 |
| 12 | Native Affairs . . . | 455 |
| | | £1,774 |

Ord. No. 6 van 1932.]

# ORDONNANSIE

**Tot aanwending van 'n verder som van nie meer as eenduisend sewehonderd-vier-en-sewentig pond vir die diens van die Gebied van Suidwes-Afrika vir die jaar wat eindig op die een-en-dertigste dag van Maart 1932.**

*(Goedgekeur 4 Junie 1932.)*
*(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)*

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika as volg:—

1. Die Administrasierekening vir die Gebied Suidwes-Afrika word hiermee belas met sodanige somme geld as wat benodig mag wees vir die diens van die Gebied (en wel ten laste van die inkomsterekening) gedurende die jaar wat eindig op die een-en-dertigste dag van Maart 1932, maar gesamentlik nie meer as eenduisend sewehonderd-vier-en-sewentig pond buiten en behalwe die somme uitgetrek kragtens die Middele (1931—'32) Ordonnansie 1931 (Ordonnansie No. 4 van 1931).

2. Die geld deur hierdie Ordonnansie beskikbaar gestel, moet aangewend word vir die dienste opgenoem in die aangehegte Bylae en met meer besonderhede vermeld in die Begroting van Addisionele Uitgawe (S.W.A. 2—1932), soos deur die Wetgewende Vergadering goedgekeur, en vir geen ander doel nie.

3. Hierdie Ordonnansie mag aangehaal word as die Addisionele Middele (1931—'32) Ordonnansie 1932.

BYLAE.

| No. van Begrotingspos. | Tietel van Begrotingspos. | Bedrag. |
|---|---|---|
| | | £ |
| 7 | Onderwys . . . . | 499 |
| 8 | Werke . . . . | 820 |
| 12 | Naturellesake . . . | 455 |
| | | £1,774 |

Ord. No. 7 of 1932.]

# ORDINANCE

**To amend the law relating to public health.**

*(Assented to 4th June, 1932.)*
*(English text signed by the Administrator.)*

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. Section *thirty-six* of the Public Health Act, 1919 (Act No. 36 of 1919), of the Parliament of the Union of South Africa, as applied to this Territory and modified for the purpose, by the Public Health Proclamation, 1920 (Proclamation No. 36 of 1920), is hereby amended in respect of such application by the insertion in paragraph (c) thereof, between the words "their discharge therefrom" and the words "the classification and control", of the words "the payment of fees by such persons in respect of such removal and in respect of their accommodation and treatment in such institutions".

2. This Ordinance may be cited as the Public Health Amendment Ordinance, 1932.

Ord. No. 7 van 1932.]

# ORDONNANSIE

**Om die volksgesondheidswet te wysig.**

*(Goedgekeur 4 Junie 1932.)*
*(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)*

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika as volg:—

1. Artiekel *ses-en-dertig* van "De Volksgezondheids Wet 1919" (Wet No. 36 van 1919) van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika, soos op hierdie Gebied toegepas en vir die doel gewysig deur "De Publieke Gezondheids Proklamatie 1920" (Proklamasie No. 36 van 1920), word hierby gewysig ten opsigte van sodanige toepassing deur die invoeging van die woorde "de betaling van fooien door zodanige personen ten opzichte van zodanige overbrenging en ten opzichte van hun opneming en behandeling in zodanige inrichtingen" tussen die woorde "hun ontslag daaruit" en die woorde "de klassifikatie van en kontrole" in paragraaf (c) daarvan.

2. Hierdie Ordonnansie kan aangehaal word as die Wysigingsordonnansie van 1932 betreffende Volksgesondheid.

John Meinert Ltd., Windhoek.